

ds. PJ Kriel

24.05.2020

Inhoud Slagoffer Martelaar tempel dienaars. Jesus is die Christus en Here wie vir sy kinders die tempel is van God se verbondstrou en liefde. Jesus is die Christus wie die tempel en stad om die tempel in Jerusalem 'n puinhoop gemaak het. Jesus het sy mag om Christus en Here te wees in die hemel gevestig buite die magvergryp van geestelikes op aarde. Sy kinders is hulle wie Hy sy dienaars maak terwyl Hy almal wie sy goddelike mag en krag in hulle wil vestig, verniel. Jesus is niemand se slagoffer nie en Hy ly om Here te wees, nie om 'n martelaar te wees nie. Daarom maak Hy sy kinders God se dienaars en nie God se slagoffers en martelare op te leef in die vernieling van god van hierdie wêreld nie.

Skriflesing Mat. 23: 37, 38; 24: 1, 2. Miga 5: 1 – 5

Teks Mat. 24: 2 “Dit verseker Ek julle Hier sal nie en klip op die ander bly nie; alles sal afgebreek word.”

Tema Jesus Christus maak ons tuis in sy verbondstrou nie op die puinhoop wat Hy van afgodsdienste maak nie

1. Jesus kondig na sy veroordeling van die skrifgeleerdes en Fariseërs in hoofstuk 23 aan dat Jerusalem 'n puinhoop sal word en die tempel in Jerusalem verwoes sal word met dié woorde: “Kyk, nou word julle stad as puinhoop aan julle oorgelaat” (Mat. 23: 38) en “Dit verseker Ek julle: Hier sal nie een klip op die ander bly nie; alles sal afgebreek word.” (Mat. 24: 2) In die Grieks word gepraat van hul huis wat verwoes agtergelaat word.

Hierdie aankondiging dat Jerusalem 'n verwoeste puinhoop sal word, was deel van die klagtes teen Jesus voor die Joodse Raad deur twee mans wat getuig het dat Jesus gesê Hy kan die tempel in Jerusalem afbreek in drie dae weer opbou. (Mat. 26: 61)

Is Jesus hier besig om 'n voorspelling te maak van wat in die toekoms gaan gebeur met Jerusalem en die tempel of maak Hy 'n aankondiging oor wat Hy met Jerusalem en die tempel gaan doen as die Messias, die Christus?

In die nuwe godlose skrifgeleerdheid van vandag word gesê dat hierdie 'n voorspelling is van wat ongeveer veertig jaar later met Jerusalem en die tempel in die jaar 70 n.C. gebeur het. Toe het die Romeine Jerusalem 'n puinhoop gemaak en die tempel verwoes het tot op die grond. Maar, sê hulle dan by, dit is nie regtig 'n voorspelling van Jesus nie, dit is iets wat die skrywer Matteus opmaak en Jesus in die mond lê. Hierop reageer geestelikes dan met die standpunt dat Jesus het self hierdie voorspelling gemaak want Hy het geweet wat gaan gebeur!

2. Beide hierdie opvattinge verduister egter die openbaring van die Here Jesus in hierdie woorde. Jesus is nie hier besig om voorspellings te maak soos 'n waarsêer soos Siener van Rensburg uit ons eie geledere nie. Jesus maak hier 'n aankondiging van wat Hy as die Christus met die stad Jerusalem en die tempel in Jerusalem gaan doen. Jesus is die Christus, die Messias wat die tempel kom afbreek en die stad Jerusalem as 'n verwoeste puinhoop agterlaat. Hierdie is nie 'n toekoms voorspelling van wat Jesus weet eendag gaan gebeur nie. Hierdie is die aankondiging wat Hy met sy mag as die Messias met die stad en tempel gaan doen.

Ek het u al daarop gewys in die preek van Paassondag hierdie jaar, dat Jesus sy eie dood en opstanding as mens uit die dood bedoel, beplan en uitgevoer het en dat Hy dit só gedoen het om alles wat die profete oor die Messias aangekondig het, te vervul. Jesus het wat Hy gedoen het en gesê het oor Homself selfbewus gedoen as vervulling van die profete.

Wanneer Jesus hierdie aankondiging maak oor wat Hy as die Christus met Jerusalem en die tempel gaan doen, dan doen Hy dit volgens die woorde van die Here in die profeet Miga. Miga maak nie 'n onderskeid tussen die tempel in Samaria en Jerusalem nie.

Volgens sy openbaring is beide tempels afgodsplekke wat God self gaan verwoes: "Wat is die sonde van Jakob? Samaria! Wat is Juda se afgodshoogte? Jerusalem!" (Miga 1: 5) Daarom kondig God aan dat Hy as die Here wat hulle in hierdie tempels aanroep as 'n afgod, hierdie tempels en stede puinhoop gaan maak. Oor Samaria sê die Here: "Daarom sal Ek Samaria 'n puinhoop in die oop veld maak ... Ek sal sy bouklip in die laagte afgooi, sy fundamente oopgrawe." (Miga 1: 6) en oor die tempel in Jerusalem: "Daarom is dit julle skuld dat Sion soos 'n stuk land geploeg sal word, dat Jerusalem 'n puinhoop sal word, dat die tempelberg 'n hoogte vol bossies sal word. (Miga 3: 12)

Hierdie is nie weer sommer net 'n voorspelling wat die Here maak oor Jerusalem en die tempel nie. Dit is die ramp wat God beplan (Miga 2: 3) en verwoesting wat God self uitvoer deur Babilon. (Miga 6: 13)

Jesus kondig aan dat Hy volgens die woorde van die Here in Miga, die Christus en Here is wie Jerusalem en die tempel 'n puinhoop gaan maak. Nie sommer net geestelik bedoel nie, maar werklik soos wat die Here werklik Jerusalem en die tempel deur die Babiloniërs verwoes het. Dit doen Jesus Christus en Here in die jaar 70 n.C. deur die Romeine soos Hy dit voorheen deur die Babiloniërs gedoen het.

3. Jesus het as die Christus die verwoesting van Jerusalem en die tempel bedoel, beplan en uitgevoer. Hierdie mag en optrede van die Here word vandag vir ons verduister deur Jesus wat deur predikante, pastore en priesters vir ons as 'n slagoffer en martelaar voorgedou word.

Slagoffers en martelare is altyd mense wat deur hul onregverdige lyding die brutaliteit en onmenslikheid, die magsug en magsmisbruik van magtiges tentoonstel en demonstreer, om só hulle geweldenare aan die woede van die wêreld oor te lewer. Slagoffers en martelare se enigste mag is wraak en innigheid. Hul wraak is om hulle geweldenare se gewete vas te gryp deur hul onmenslikheid te demonstreer vir 'n verontwaardigde wêreld en hulle in te breek om hul innigheid in. Aan die onreg en geweld doen martelare self niks nie. Hierteenoor is hulle magteloos. Dit is hoe Jesus deesdae as rolmodel van passiwisme gepreek word: ons moet onself net so weerloos soos Jesus oorgee aan die mag van ons geweldenare om hulle onmenslikheid te onthul en met ons innigheid in te breek. Só is Jesus dan eintlik nog net 'n Mahat Mogandi: rolmodel van die krag van passiwisme.

Daarom word Jesus se geboorteaankondig as Messias in Bethlehem in Miga 5 deur geestelikes sommer dadelik gekoppel aan Sagaria 9:9 se aankondiging dat die Messias op 'n donkie sy nuwe koninkryk gaan kom oprig as teken van hulle pasifistiese geestelikheid.

Sagaria stel egter duidelik dat die Messias wat op 'n donkie sy koninkryk sal oprig die strydwaens sal vernietig en die perde sal uitroei. (Sag. 9: 10) Dit is hoe die Christus volgens Miga 5 sal regeer. Hy sal al die nasies van die wêreld, en ook Israel as politieke mag self vernietig, en Hy sal sy volk lei om in al die uithoeke van die wêreld te woon. (Miga 5: 3 en 9) Die Messias gebore in die stad Bethlehem sal sy volk, sy kerk, ook bewaar teen die geweld van die nasies deur hulle mag te breek: "Die regeerder uit Bethlehem sal ons red uit die mag van Assirië. (Miga 5: 5)

Wanneer die Here die tempel en Jerusalem deur die Babiloniërs verwoes, red Hy self sy volk uit die mag van die goddelose konings en priesters van Israel. Dit kondig Miga aan in hoofstuk 3 teen die regeerders wat mense uitbuit en die priesters wat hierdie geweld met vredespraatjies goed praat.

6. Ons mag nooit Jesus se lyding, vernedering en dood deur die skrifgeleerdes en Fariseërs sien as 'n demonstrasie van 'n geestelikheid van magteloosheid teenoor geweld nie. 'n Geestelikheid van die grootste slagoffer en martelaar nog ooit vir ander slagoffers en martelare om altyd na te volg!

Ons kan dit met 'n voorbeeld toelig!

Sakemanne wat die tydelike lyding en vernedering van werknemers dra, om eers die besigheid te red en in stand te hou, en daarna met die werknemers afreken!

Dit gebeur al meer en meer met ons in die anargie en anargisme van hierdie land! Werkgewers skep werk en versorg werknemers. Dan besluit hulle eendag dat hulle nie werknemers wil wees nie maar eienaars. Hulle begin staak, beledig, vloek en

spoeg die eienaar. Wat doen die eienaar? Hy besluit om die besigheid toe te maak en na 'n ander land toe te verskuif.

Só! Terwyl hierdie werknemers besig met hulle geweld teen die eienaar en hom begin slaan met 'n baksteen, waarmee is hy besig? Is hy besig om homself hulle slagoffer en martelaar te maak, homself oor te gee en uit te lewer aan hulle geweld en met sy innigheid hulle liefdevol te probeer maak? Hy sal dit nooit doen nie! Al hoekom hy tydelik hierdie geweld en vernedering aanvaar, is om die besigheid te red, te verskuif en te beveilig in 'n ander land. Hy is besig om die magsentrum van die besigheid te verskuif waar hy met volle gesag weer die werkgewer kan wees

Dit stop egter nie net sommer daar nie. As hy klaar die besigheid gered en die magsentrum verskuif het buite die mag van hierdie slegte werkers, dan kom hy met die volle geweld van die wet terug: ontbind die besigheid waarmee hulle hul brood en botter verdien, kla hulle aan van aanranding, diefstal en moord en lewer hulle oor om tronk toe te gaan, honger op straat te wees en sonder enige heenkome te wees.

7. Waarmee is die Here Jesus Christus besig as Hy die lyding, kruisiging en dood dra wat die Jode Hom mee verneder?

U moet dit in die kontras sien van dit wat die Here aankondig tussen twee magsetels. Die een beskryf die Here in hoofstuk 23: 2 só beskryf: "Die skrifkenners en Fariseërs sit op die stoel van Moses." (Direkte Afrikaanse Vertaling) Die ander kondig die Here teenoor die skrifkenners en Fariseërs van die Sanhedrin aan wat Hom aankla en veroordeel: "Van nou af sal julle die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die Magtige en Hom op die wolke van die hemel sien kom." (Mat. 26: 64)

Wat openbaar Jesus met hierdie teenstelling? Volgens ons voorbeeld klink dit só: "Verdra hierdie gepeupel se mag om nou skielik julle werkgewer te wees, want ek het klaar die besigheid wat hulle dink hulle mag is na die buiteland te verskuif." Hierdie was die enigste rede hoekom die Sanhedrin Jesus doodgemaak het. Volgens ons voorbeeld maak die werkers die eienaar dood omdat hy vir hulle sê dat hy klaar die besigheid buiteland toe geskuif het. Hulle is nie die nuwe werkgewers nie want daar is nie meer 'n besigheid nie!

Hierdie voorbeeld sê presies wat Jesus met die gelykenis van die huurders en wingerd openbaar in Mat. 21: 33 – 46. Die werkers maak die seun dood om die besigheid te kry, maar dan kom die eienaar, laat hierdie mense 'n aaklige dood sterf en gee sy wingerd vir nuwe 'n nuwe volk wat vrug oplewer – die kerk van die Here Jesus Christus.

Die aankondiging dat die Here Jesus self die tempel en Jerusalem sal vernietig, is die openbaring in hierdie gelykenis.

8. Dit is tog mos presies wat die Here met sy dood en opstanding doen. In Mat. 28: 18 – 20 kondig die Here aan dat Hy nou die sentrum van sy mag om Christus en Here te wees gevestig het in die hemel aan die regterhand van die Vader. Dit is wat die Here aankondig met die woorde: “Aan My is alle mag op hemel en aarde gegee.” Wat doen Hy met hierdie mag? Hy is vir sy kerk die nuwe tempel! Dit is wat die aankondiging beteken: “En onthou ek is met julle al die dae tot die voleindig van die wêreld.” Sy teenwoordige verbondsliefde is hulle ware tempel.

Dit is hoekom die Here die tempel in Jerusalem net na sy intog om te kom ly, gekruisig te word, te sterf en uit die dood uit op te staan, simbolies tot niet maak deur die tafels van die geldwisselaars en die stoele van die duiveverkopers om te gooi. Hy wys dat Hy die ware tempel is en dat Hy hierdie tempel tot op die grond gaan afbreek soos die beloofde Messias dit gaan kom doen! (Mat. 21: 12 – 17)

Dit is tog wat die Here aangekondig het met die woorde waarmee Hy voor die Joodse Raad beskuldig is: “Hierdie man het gesê Ek kan die tempel afbreek en binne drie dae weer opbou.” (Mat. 26: 62) Deur sy lyding en opstanding uit die dood word Hy ons tempel – Hy is God wat met ons is in sy troue liefde en daarom gaan Hy self hierdie tempel wat net ’n afgodshoogte is in puin lê. Regtig! Regtig uit die dood opstaan met ’n magsetel wat mense nie kan oorneem met hulle geestelike toi-toi nie. Regtig Jerusalem en die tempel afbreek tot op die fundamente!

Want die eienaar van sy kerk kan nou as regter van hierdie goddeloses optree omdat sy kerk van hulle na ander verskuif is deur ’n magsetel wat hulle nie kan oorneem nie.

9. Die Here wie se tempel in die hemel is, kom vernietig die tempel en stad Jerusalem op aarde! Dit is hoe Miga dit aankondig!

Wat Miga in hoofstuk 1 aankondig was net so verrassend onverwags en net so aanstootlik soos Christus se aankondiging dat Hy aan God se regterhand gaan sit en die kerk van die Jode gaan wegvat en vir die gelowiges uit alle nasies gaan gee.

Miga het waarskynlik hierdie aankondiging met die Loofhutte wees in die groot stad Lakis naby sy geboorte dorp gedoen. Hy kondig aan dat die hemel is God se woonplek, bedoelende nie die tempels in Samaria en Jerusalem nie. In hierdie tyd het Israel gereeld na profete geluister wat aangekondig het dat God die goddelose nasies van die wêreld sal oordeel en in puin lê. Daarom die totale verrassing dat God uit sy woning in die hemel kom om Samaria en Jerusalem te verwoes!

Die rede hoekom God dit doen is omdat Jerusalem ’n afgodshoogte is. (Miga 1: 5) Miga beskryf hierdie afgodsdien anders as die ander profete wat beskryf hoe Israel afgode maak en in die tempel aanbid. Hy doen dit só: “Wat sal ek saamvat as ek na

die Here toe gaan, as ek voor die hoë God gaan kniel? Moet ek met offers na hom toe gaan, met jaaroud kalwers? Sal die Here duisende ramme aanvaar saam met tienduisende offers van olie? Moet ek die eergeborene offer vir my sonde, hom wat uit my liggaam gekom het vir my oortreding? Mens, die Here het jou bekend gemaak wat goed is: Hy vra dat jy reg sal laat geskied, dat jy liefde en trou sal bewys, dat jy bedagsaam sal lewe voor jou God.”(Miga 6: 6 – 8)

Dit is wat die Here Jesus met sy tempelreiniging wys. Die skrifgeleerdes en Fariseërs maak net soos altyd van God ’n afgod met wie jy besigheid kan doen. Jy kan sy vergifnis, liefde, goedheid, barmhartigheid en sorg kry vir offers wat jy vir Hom gee. Dit is die wese van die afgodsdienst wat die Fariseërs en priesters nog steeds mee besig was. God uit die hemel vernietig hierdie afgodshoogtes, gemeenskappe en mense wat hul lewe anker in hierdie godsbedryf! Hy neem nie deel aan hulle godsbedrywe deur hulle offers en aanbidding nie!

10. Christus gaan die enigste offer wees sodat ons kan doen wat ons moet doen – geregverdig deur sy offer, leef ons volgens die liefde, reg en barmhartigheid van sy wet. Ons bedryf geen offerkultus met God nie.

Christus kondig daarom aan wat Hy met die tempel en Jerusalem gaan doen, uit die hemel waar Hy alle mag op hemel en aarde gekry het en sy kerk weggevat het by die Jode! Hy gaan dit ’n puinhoop maak en tot op die grond afbreek! En dit doen die Here Jesus aan die regterhand van God toe in die jaar 70. n.C. deur die Romeine, net soos Hy dit in die jaar 586 v.C. deur Babilon met die tempel en Jerusalem gedoen het.

Daarom is Jesus nie besig met voorspellings oor wat in die jaar 70 gaan gebeur nie. Hy is nie ’n siener en toekomsvoorspeller nie. Hy as Christus en Here kondig aan wat Hy met die werkers, die Joodse geestelikes, gaan doen wat sy mag om Christus en Here te wees wou kaap, en van aanbidding en toewyding aan Hom ’n besigheid in hul tempel gemaak het, van hoe jy “wat kan doen om te kry wat God s’n is.” Hy rig eers sy mag op aan die regterhand van die Vader om die Christus te wees met alle mag in hemel en op aarde, vat sy kerk weg van die Jode en gee dit aan dissipels en kom dan daarna, en verwoes self die afgodshoogte Jerusalem – regtig!

Toe Rome die stad Jerusalem omsingel het, het al die Christene gevlug. Nie omdat hulle aan ’n voorspelling geglo het nie, maar omdat hulle geweet het wat die Here wat gekruisig was en uit die dood uit opgestaan het, aangekondig het oor wat Hy met Jerusalem en die tempel as afgodshoogte sal doen.

11. Wie sien u en wat sien u, wanneer u kyk na Jesus Christus wat deur die Jode in hegtenis geneem word, valslik beskuldig en veroordeel word, aan Rome uitgelewer word om onskuldig dood gemaak te word?

Wie sien u en wat sien u wanneer jy na 'n besigheidsman kyk wat deur sy werknemers, in sy kantoor gevange gehou word, hom verskree, vloek, met 'n baksteen slaan en op hom spoeg? Dit terwyl hulle kamstig die nuwe base is wat bevele gee en besluite neem asof sy besigheid nou hulle besigheid!

Jy sien iemand wie regtig ly raak. Omdat hy die werkgewer is, is hy nie verhewe of onaangeraak deur die vernedering van hul beledigings en die pyn van hulle geweld nie. Wat u nie mag raaksien nie, is 'n martelaar en slagoffer. Die verskil tussen die regte lyding wat 'n sakeman op hom self neem en dra, in die muitery van die gepeupel, en martelare en slagoffers se lyding, is die rede hoekom hulle die vernedering en lyding dra. Sakemanne dra lyding as die wyse waarop hulle hul besigheid se mag hervestig om dan daarna met die gepeupel te kom afreken. Martelare en slagoffers ly om hul magteloosheid en die onmenslikheid van hul geweldnare te demonstreer en met hulle innigheid te oorweldig. Martelare en slagoffers bemagtig hulleself met lyding.

Jesus het regtig gely onder die geestelike gepeupel wat Hom aangekla, gegesel, gekruisig en dood gemaak het, omdat Hy besig was om God se raadsplan hoe Hy Christus en Here in die hemel moet wees, uitgevoer het. Christus het nie lyding sy mag gemaak nie. Hy het nie magteloosheid gedemonstreer om sy geweldenare aan die woede van die wêreld uit te lewer en met innigheid te oorweldig nie. Hy het deur sy lyding die raadsplan van die Vader vervul hoe om alle mag in die hemel en op aarde as die Christus te ontvang, om die Christus wie God met sy kerk in sy verbondsliefde is, te wees.

Hy het nie magteloos gely om sy geweldenare aan sy woede uit te lewer of met liefde te wen nie. Hy het na Hy sy raadsplan hoe om Here vir sy kerk te wees, hulle kom vernietig! Hy het van sy geweldenare se tempel, hul huis en lewe 'n puinhoop kom maak. Hy het hulle self-opgeëide mag gebreek! Dit is hoe die Here sy toekomstige optrede teen die skrifgeleerdes en Fariseërs aangekondig het met sy "Wee julle" spreuke in Matteus 23: 13 – 36.

12. Hoekom wil die geestelike predikante, pastore en priesters van vandag hê dat ons Jesus as die groot martelaar en slagoffers van magsmisbruik moet sien? Hoekom maak hulle asof Jesus vir ons die groot voorbeeld is hoe om jouself magteloos oor te gee aan die geweld en vernedering van die gepeupel en die heerssugtiges van hierdie wêreld?

Want hulle wil nie dat ons die Here ken wat afgodstempels self kom vernietig nie – regtig in die regte wêreld nie. Ons mag nie die Here ken wie mense wat hulle gesag vind en gemeenskappe wat hulle lewe bou op afgodsdienste, self 'n puinhoop in hierdie wêreld, sy wêreld, maak nie. Want hulle is die mense wat van mense en gemeenskappe se lewens afgodstempels. Daarom maak hulle asof jy 'n martelaar vir God moet wees wat van God se puinhoop jou tuiste moet maak.

Met hierdie martelaarsbeeld van Jesus regverdig hulle al die afgodsdienste waarmee hulle besig is en verduister hulle die ellende wat Jesus Christus self oor mense en gemeenskappe wat hulself en hul lewe 'n afgodstempels maak, bring. Met hierdie martelaarsbeeld van Jesus verduister hulle mense se gemoed om te kan raaksien dat die ellende waarin hulle is, is die werklikheid van hoe die Here Jesus Christus van afgodstempels puinhoop maak. Martelare maak van God se puinhoop hul geestelike tuistes, soos haweloses ashope hul tuiste maak.

Wat maak die Here Jesus met mense wat van hul eie en hul gemeenskap se lewe God se blyplek, sy tempel maak waar hulle met God offeronderhandelings het om hulle hul wense en voorspoed te gee? Wanneer mense van God die god van hul volk, hul nasie, hul gesin en hul besigheid maak? Hy maak só 'n volk, nasie, gesin en besigheid 'n puinhoop. Hy laat nie toe dat wie Hy is en wat Hy as Here vir sy kerk doen, só gekaap word nie.

Daarom wys Miga wie is hierdie tipe geestelikes, net soos die Here dit dan uitwys teenoor die Fariseërs: Wanneer 'n rondloper, 'n bedrieër lieg en sê: "As profeet beloof ek aan julle wyn en bier," sal hy vir hierdie volk, hierdie nasie en hierdie mens en sy besigheid dié profeet wees." Miga 2: 11, bedoelende die profeet wat hulle wil hoor en wil hê.

13. Wie is die mense wat vandag die profete is wat verkondig dat ons nou skielik martelare moet wees soos Jesus? Wie Jesus nou preek as die groot martelaar wat wys hoe ons onself aan die geweld van geweldenaars moet oorgee?

Dit is hulle wat eers vir die mense gepreek het dat hulle hulself vir God 'n tempel moet maak waarin God moet kom bly en waarin God sy goddelike lewe moet kom leef! Hulle het die tipe Jesusbeeld gepreek wat van hulle en hulle lewe sy tempel gemaak het. Jesus moet in jou lewe inkom, Jesus moet die troon van jou lewe oorneem, Jesus sal sy goddelike krag en mag joune maak en jy sal God uitbeeld vir die wêreld!

En nou? Wie het dit 'n puinhoop van ellende gemaak? Wie verniel en verwoes hierdie lewe waar mense God in hulle lewe het en God in hulle lewe uitbeeld, hulle volkslewe, hul nasie-lewe, hul gesinslewe en hul besigheid?

Dit is die werklike ontdekking wat mense moet maak! Wanneer ek van myself en lewe, van my volk, my nasie, my gesin en besigheid, 'n afgodstempel gemaak het waarin 'n afgod woon wat ek sommer die naam Jesus voor gee, dan is dit die Here Jesus wie hierdie huis, hierdie tempel afbreek tot op die grond, regtig in die regte wêreld.

Dit is teen hierdie ontdekking van hoe predikers mense mislei het om van hulself en hul lewe 'n afgodstempel te maak waarin hulle met offers besig is om met god besigheid te doen, wat predikers nou skielik martelaarskap preek! Wie is Jesus nou skielik? Nou is hy die groot martelaar wat maak dat jy jou puin hoop moet sien as die krag vir jou martelaarskap! Martelaarskap en slagoffer-wees maak jou blind om die Here te sien wie van afgodstempels puin hope maak! Maak dat jy van die puin hope wat die Here Jesus maak, jou tuiste en blyplek maak. Dit is die nuwe geestelikheid van die kerke in ons land: ons maak van hierdie puin hoop wat Jesus Christus maak, ons krag om martelare vir hierdie martelaar-god te wees. Martelare wat puin hope hul tuiste maak! Mense wat God se vernieling van goddeloses hul tuiste maak!

Daarom moet ons as kerk die Here Jesus as Christus en Here in die geloof vind! Die Here wat ons deel van sy verbondsliefde maak sodat ons kan leef in die geregtigheid barmhartigheid en liefde van sy wet! Hy wat sy lyding gedra het om ons deel van sy kerk te maak, 'n kerk wat nooit met offerkultusse besig is nie, maar altyd met die wil van God in sy wet. Geregverdig deur die lyding van Christus om regverdig volgens sy wet te leef!

Dit is net martelare wat van as hope hul tuiste kan maak. God se kinders ken die Here as die Here wat van afgodstempels puin hope maak en daarom deel van sy kerk wil wees. Ken Hom as Here en nie as martelaar nie!

Kom ons begin onself en ons wêreld in hierdie geloof ondersoek! Wanneer God puin hope maak, maak ons dit nie 'n blyplek vir martelare nie. Wanneer ons sien God maak 'n afgodstempel en die gemeenskap rondom hierdie tempel 'n puin hoop, vlug ons weg uit hierdie puin hoop na die Here soos die profeet Miga dit al aangekondig het: "Een wat uitbreek, sal hulle lei, hulle sal uitbreek en deur die poort gaan, hulle sal uitgaan, hulle Koning sal voor hulle uitgaan, die Here sal voor hulle wees." (Miga 2: 12) Kom ons volg die Here in sy verbondstrou en vlug uit die puin hope wat die Here van nasies, volke deur heersers en priesters maak.

Kom ons verwerp hierdie martelaarskap wat die puin hope wat God van die afgodsdienste van hierdie wêreld maak, ons huis en tuiste wil maak! Kom ons glo dat Jesus Christus het Homself ons tempel in die hemel gemaak: Hy is God self wie in sy verbondsliefde met ons is. Hy maak ons reg en goed vir God se liefde sodat ons toegerus is om ons toe te wy aan die reg en die liefde van Gods se wet!

Kom ons vlug uit die puin hope wat God maak van hierdie wêreld se afgodsdienste en gemeenskappe wat in afgodsdienste leef. Ons is God se kinders wat tuis is in sy liefde. Ons is nie geestelikes se martelare wat van hul puin hope ons tuistes maak nie. Ons leef in God se liefde, nie op die wêreld se puin hope nie!